## 8 Januarie                                   Lukas 13:6-9

### *Vrugdra ons opdrag*

Januarie 1999! Begin van 'n nuwe jaar. Wat hou die toekoms in? Vrees en spanning, asook 'n gees van pessimisme is selfs by baie kerkmense te bespeur. As ek luister hoe somber die gesprekke van baie gelowiges klink, wil dit voorkom asof daar hoegenaamd geen toekoms is nie. Sou die Prediker dalk tog reg wees as hy beweer: Alles tevergeefs, dit is alles tevergeefs?

'n Man het 'n vyeboom gehad wat in sy wingerd geplant was. As 'n eienaar egter drie agtereenvolgende jare tevergeefs vrugte soek, verander sake. Die opdrag is: Kap hom uit! Waarom moet hy langer die grond uitput? Die tuinier tree na vore en pleit vir uitstel. Die gelykenis is in die eerste plek met die oog op Israel vertel. Die volk Israel is uitverkies as God se eiendom en daarom verwag die Here vrugte. In gehoorsaamheid moet hulle Hom dien. Die Kerk is egter ook God se uitverkorene, wat 'n plek in sy wingerd het. Moses en die profete pleit om genade vir die ongehoorsame volk en daarom gee God uitstel. Net so word die kerk vandag ook gedurig opgeroep tot bekering.

Mag die Here gee dat ons gedurende 1999 dit elke dag sal onthou en die dinge waarop dit werklik aankom sal doen. Sodat elke gelowige mag groei in geloof en sekerheid omdat ons kinders van God is deur onse Here Jesus Christus. Kinders wat in gehoorsaamheid DIE vrugte voortbring wat die hemelse Eienaar soek.

Sing: Psalm 92:7                                   Ds. J. Kits (Carolina)